# HOOFSTUK 4

# DIE STELSEL VAN INTERNSKAP AAN DIE WINDHOEKSE ONDERWYSKOLLEGE VIR DIE OPLEIDING VAN PREPRIMêRE- EN PRIMêRESKOOLONDERWYSERS

## 4.1 INLEIDING

Gedurende 1989-90 is 'n stelsel van internskap, op 'n eksperimentele basis, vir die eerste keer aan Die Windhoekse Onderwyskollege (WOK) geïmplementeer, as deel van die kurrikula van die vierjarige Hoër Onderwysdiplomas vir die preprimêre, junior primêre en senior primêre skool. Dié stelsel sal in hierdie hoofstuk beskryf word volgens die drie samehangende fases van kurrikulumontwikkeling, naamlik: ontwerp, implementering en evaluering (RGN, 1981a:134).

Volgens die skrywer se onderskeiding tussen internskap en studentinternskap (vergelyk 3.2.2) is hierdie internskap 'n studentinternskap, omdat dit plaasvind voor die eerste onderwyssertifikaat of -diploma ontvang is. Die stelsel van die WOK word egter hier beskryf, daarom sal die terminologie wat aan die WOK gebruik word ook in hierdie hoofstuk gebruik word, dit wil sê: internskap in plaas van studentinternskap en intern(s) in plaas van studentintern(s).

## 4.2 HERSTRUKTURERING VAN DIE WOK-ONDERWYSPRAKTIKUM

Sedert 1989 bestaan die onderwyspraktikum van die WOK uit 'n instituutpraktikum, skoolpraktikum en studentinternskap. Die Departement Onderwyskunde is in beheer van die Onderwyspraktikum. Die Departement Onderwyskunde en al die vakdidaktieke werk nou saam om teorie en praktyk te integreer en te koördineer.

Die instituutpraktikum maak onder andere voorsiening vir mikro-onderwys. Mikro-onderwys vind soos volg plaas:

- eerste jaar - geen;
- tweede jaar - drie mikrolesse;

- derde jaar - vier mikrolesse;
- vierde jaar - vier mikrolesse.

Die struktuur van die skoolpraktikum en internskap sien soos volg daaruit:

- eerste jaar - geen;
- tweede jaar - twee weke gerigte waarneming aan die begin van die tweede kwartaal;
- derde jaar - internskap tydens die vierde kwartaal;
- vierde jaar - internskap tydens die eerste kwartaal.

Die ontwikkeling van 'n stelsel van internskap is in die begin van die tagtigerjare vertraag as gevolg van die herbeplanning van kurrikula aan die WOK. Die nuwe kurrikula is in 1986 goedgekeur en is vir die eerste keer in 1987 geïmplementeer (WOK, 1987:18). Hierdie kurrikula het nie voorsiening gemaak vir die implementering van internskap nie.

Voor die veranderinge, wat internskap meegebring het, was daar in die derde en vierde studiejare elk ses mikrolesse en drie weke skoolpraktikum.

Die semesterkursusse van die derde en vierde jaar is ook verander na jaarkursusse wat oor drie kwartale strek. Dit was derhalwe nie nodig om die leerinhoude van die kurrikula te verminder nie, omdat die basiese onderrigtyd dieselfde gebly het.

Hierdie skynbare teenstrydigheid kan verklaar word deur die vier semestereksamens wat verander het na twee jaarkursuseksamens, skoolpraktikum wat vervang is met internskap en mikrolesse wat verminder is van ses tot vier per jaar, gedurende die derde en vierde studiejare.

Waar moontlik, is vakinhoude geherstruktureer sodat studente gereed gemaak kan word vir die studentinternskaptydperk.

## 4.3 GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND

Die stelsel van internskap wat aan die WOK op 'n eksperimentele basis gevolg word, is vir die o'pleidingsinrigting met sy unieke omstandighede ontwerp. Die unieke omstandighede van die WOK was inderdaad ideale omstandighede vir eksperimentering met 'n stelsel van internskap. Volgens Fourie (1991), 'n medewerker aan die ontwerp,het die "ideale" omstandighede die volgende ingesluit:

- 'n kollege met min studente (in 1989 was daar slegs 26 derdejaars);
- 'n groot aantal primêre skole binne 10 kilometer van die WOK af;
- noue samewerking tussen die Onderwysdepartement en die WOK;
- 'n groot mate van mede-verantwoordelikheid vir die professionele vorming van aspirant onderwysers by die onderwyserkorps;
- gereelde skakeling tussen WOK-personeel en verteenwoordigers van die onderwyskorps;
- 'n Onderwyspraktikumkomitee wat oor sake rakende praktiese onderwys besluit en waarop die Onderwysdepartement, primêre skole en WOK verteenwoordiging het;
- 'n gunstige ekonomiese klimaat.

Die WOK-internskapstelsel het sy beslag reeds in die vroeë tagtigerjare in die Department Onderwyskunde gekry. Internskapstelsels oorsee is as 'n wyse van moontlike optimalisering van die skoolpraktikum in die eertydse Suidwes-Afrika (Namibië) gesien. Tweedens sou dit meehelp om praktykskok by beginneronderwysers te verminder. 'n Derde rede was om 'n beter toegeruste onderwyser

die praktyk te laat betree, in belang van die kind (Fourie, 1991).

Die idee van die ontwikkeling van 'n internskap is deur die eertydse Tweedevlak Owerheid: Administrasie vir Blankes, se Onderwysdepartement ondersteun. Gedurende 1987 is internskapopleiding aan die WOK dan ook deur die Administrasie vir Blankes se Direktoraat: Onderwys en Kultuur, as "strategiese doelwit 5/4" gestel met die teikendatum, Desember 1987 (SWA, 1987a).

'n Dokument (WOK, 1987a) insake 'n stelsel van internskap aan die WOK is op 2 November 1987 deur die Direkteur: Onderwys goedgekeur (SWA, 1987b).

'n Ad hoc-komitee is deur die Direkteur: Onderwys aangewys om besonderhede rakende die tutoronderwyser en evaluering van interns verder uit te werk. Hierdie komitee het verteenwoordigers uit al drie belanghebbende instansies ingesluit, naamlik: die Onderwysdepartement, WOK en primêre skole (SWA, 1987b:1).

Genoemde opdrag is in die vorm van 'n voorlegging (WOK, 1989) gedurende Mei 1989 aan die Direkteur: Onderwys voorgelê en goedgekeur (SWA, 1989).

Gedurende 1989 is hierdie stelsel van internskap, soos goedgekeur, dan ook reeds op 'n eksperimentele grondslag geïmplementeer, met 26 studentonderwysers.

Die stelsel van internskap aan die WOK word beskryf aan die hand van inligting soos verkry uit die "Finale dokument insake 'n stelsel van internskap aan Die Windhoekse Onderwyskollege", soos goedgekeur deur die Direkteur: Onderwys, op 2 November 1987 (WOK, 1987a) en 'n voorlegging in verband met internskap, bekend as "Verslag: Internskap", soos deur die ad hoc-komitee opgestel (WOK, 1989), indien nie anders vermeld word nie.

## 4.4 ONTWERP VAN DIE WOK-INTERNSKAPSTELSEL

### 4.4.1 DOELSTELLINGS

Die doel met internskap is om:

- die onderwyspraktyk te voorsien van beginneronderwysers wat kan beantwoord aan die professionele eise van die onderwyspraktyk;
- die studentonderwysers in staat te stel om die model-onderwyser oor 'n lang aaneenlopende tydperk waar te neem en in 'n geborge atmosfeer sy eie onderwysstyl te ontwikkel ten einde gereed te wees om as beginneronderwyser die volle verantwoordelikheid van 'n eie klas met vertroue te kan aanvaar;
- die studentonderwyser verdere professionalisering te laat ondergaan;
- praktykskok te verminder;
- die studentonderwyser finale sekerheid te laat kry ten opsigte van sy beroepskeuse;
- die opleidingsinstansie in staat te stel om finale opleiding en afronding in die werklikheid van die skoolsituasie te laat plaasvind en studentonderwysers funksioneel toe te rus vir die praktiese eise van die onderwysberoep;
- finale keuring voor toelating tot die onderwysberoep te kan onderneem deur middel van kontinue- en produkevaluering;
- 'n bydrae te maak tot 'n sinvolle en ondersteunende verhouding tussen die praktiserende, adviserende, beherende en opleidingsbene van die professie;

- wedersydse bevrugting tussen betrokkenes te bewerkstellig tot uiteindelike voordeel van die kind;

- aan die onderwysprofessie 'n groter aandeel en mede-verantwoordelikheid te gee in die opleiding van onderwysers.

Volgens Liebenberg (1991:45) was daar "a certain vagueness in our preliminary planning, until such time as we had a clear picture of what we want the student (intern) to do in the school".

Na aanleiding van die Lowyck-model (Lowyck, 1976:322) is 'n tabel van onderwysverantwoordelikhede, volgens die Namibiese konteks, saamgestel (vergelyk Tabel 4.1). Daarvolgens is onderwysverantwoordelikheid op makro-, meso- en mikrovlak onderskei, op die pedagogies-didaktiese en organisatories-administratiewe terreine.

Die nakoming van die onderwysverantwoordelikhede vereis weer bepaalde vaardighede van die onderwyser, wat uiteengesit is in Tabel 4.1 onder die opskrif: "Die beeld van die optimaal-funksionerende onderwyser/opvoeder".

### 4.4.2 LEERINHOUD

Die leerinhoud wat die interns tydens hulle internskap moet bemeester, word direk afgelei uit die onderwysverantwoordelikhede soos vervat in Tabel 4.1.

Die interns moet geleidelik vertroud raak met die verantwoordelikhede op die pedagogies-didaktiese en organisatories-adminstratiewe terreine, totdat hulle dieselfde verantwoordelikhede kan aanvaar as wat verwag word van die beginneronderwyser, onder gekontroleerde omstandighede. In die bemeestering van bogenoemde terreine kry interns ook die geleentheid om die eienskappe wat die optimaal funksionerende onderwyser kenmerk, te verwerf.

TABEL 4.1 VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE ONDERWYSER

| VLAK | PEDAGOGIES-DIDAKTIESE TERREIN | ORGANISATORIES-ADMINISTRATIEWE TERREIN | DIE BEELD VAN DIE OPTIMAAL-FUNKSIONERENDE ONDERWYSER/OPVOEDER |
|---|---|---|---|
| MAKRO-VLAK | 1. Deelname aan besprekings en werkgroepe wat aandag gee aan algemene beleid en onderwysprobleme<br>2. Die kennismaking van die struktuur, organisasie en inhoud van onderwyskurrikula | 1. Bydraes ten opsigte van onderwyserverenigings, -rade, -kurrikulumkomitees | 1. Goeie menseverhoudings handhaaf<br>2. Professionele ingesteldheid openbaar<br>3. Betrokke wees by beroepsaktiwiteite<br>4. Leiereienskappe openbaar<br>5. Op hoogte wees van onderwysontwikkeling<br>6. Inskakel by die gemeenskap<br>7. Positiewe gesindheid teenoor onderwys openbaar<br>8. Gesonde verhouding teenoor werkgewer toon<br>9. Probleme deur regte kanale hanteer<br>10. Vertroulikheid handhaaf<br>11. Lojaliteit openbaar<br>12. Gemeenskapsverantwoordelikheid aanvaar<br>13. Respek teenoor homself, die skool en die gemeenskap toon<br>14. Christelike Volkseie /Nasionale handhaaf |
| MESO-VLAK | 1. Mede-skakeling met leerlinge, kollegas, ouers, buiteskoolse persone en instansies, begeleidende en adviserende dienste, skoolgemeenskap, ens.<br>2. Mede-advisering van ouers<br>3. Vertolking van beleidstukke in oorleg met tutoronderwyser<br>3.1 Vakbeleide<br>3.2 Skoolkode<br>3.3 Handleidings | 1. Kennismaking met en byhou van verslae en registers<br>2. Opstel van roosters<br>3. Reël van buitemuurse aktiwiteite (sport en kultuur)<br>4. Afrigting, organisasie, toesig<br>5. Koshuisdiens<br>6. Bestellings en rekwisisies | 1. Goeie menseverhoudings handhaaf<br>2. Professionele ingesteldheid openbaar<br>3. Goed kan organiseer<br>4. Positiewe selfbeeld uitstraal<br>5. Betrokke wees by beroepsaktiwiteite<br>6. Leiereienskappe openbaar<br>7. Op hoogte wees van ontwikkelinge op onderwysgebied<br>8. Inskakel by die gemeenskap<br>9. Positiewe gesindheid teenoor onderwys openbaar<br>10. Leerlinge opvoed tot positiewe werksingesteldheid<br>11. Lojaal teenoor kollegas, ouers, leerlinge, ens. wees<br>12. Gemeenskapsverantwoordelikheid aanvaar<br>13. Professionele ontwikkeling (vakvergaderings, personeelontwikkelingsprogramme, ens) ondersteun |



(vervolg)

TABEL 4.1 (vervolg)

| VLAK | PEDAGOGIES-DIDAKTIESE TERREIN | ORGANISATORIES-ADMINISTRATIEWE TERREIN | DIE BEELD VAN DIE OPTIMAAL-FUNKSIONERENDE ONDERWYSER/OPVOEDER |
|---|---|---|---|
| MIKRO-VLAK | 1. Lesvoorbereiding (beplanning)<br>2. Lesverloop (aanbieding)<br>3. Afloop (lesevaluering) (Gaan analiserend en evaluerend te werk in onderrigleergebeure Onderwyskundig vaardig t.o.v. lesstruktuur en lesverloopmomente)<br>4. Sillabusinterpretasie<br>5. Ontwerp en integrasie van media<br>6. Kontrole oor skriftelike werk<br>7. Opstel van vraestelle, evalueringstake, memoranda en ontleding van punte<br>8. Lesdoelwitbeplanning en implementering<br>9. Uitbreiding van vakkennis<br>10. Vaardig om onderwys te gee; leerstofseleksie, -ordening, -ontsluiting<br>11. Kennis en begrip van die kind<br>12. Kultuurverryking laat realiseer<br>13. Evaluering van leerlinge: omvattende persoonsbeeld<br>14. Nasien/versorging van skrifte en antwoordstelle | 1. Byhou van klasregisters, klasinventarisse en klaslyste<br>2. Waarnemingsboek<br>3. Skolastiese verslae, rekordhouding<br>4. Punteskedules, vorderingsverslae<br>5. Organisasie en administrasie van effektiewe lesaanbieding<br>6. Evalueringsvaardighede<br>7. Algemene klaskamerbestuur<br>8. Implementering van vakdoelwitlêers<br>9. Betrokkenheid in doelwitbeplanning | 1. Didakties soepel (breë repertoire van onderwysvaardighede) wees<br>2. Goeie menseverhoudinge handhaaf<br>3. Professionele ingesteldheid openbaar<br>4. Goeie organiseerder wees<br>5. Positiewe selfbeeld handhaaf<br>6. Leierskapeienskappe openbaar<br>7. Op hoogte van nuutste onderrigtegnieke wees<br>8. Pedagogiese belangstelling in leerlinge en ontwikkeling van hul persoonlikhede toon<br>9. Didakties-pedagogiese kundigheid openbaar<br>10. Oor omvattende kennis beskik<br>11. Regverdig en billik optree<br>12. Korrekte voorbeeld stel (ook normatief)<br>13. Beskikbare literatuur vir onderwys aanwend<br>14. Christelike Volkseie/Nasionale handhaaf |

(WOK, 1989 : Bylae A)

Die internskaptydperk is in vier fases verdeel, naamlik:

- die oriëntering van interns ten opsigte van internskap (vergelyk 4.4.3.4);

- die oriëntering ten opsigte van die onderwysprofessie en weerbaarmaking op geestelike vlak (vergelyk 4.4.3.4);

- die aanpassing by die skoolsituasie wat begin met waarneming en opgevolg word met geleidelike aanvaarding van verantwoordelikhede volgens die diskresie van die tutoronderwyser;

- die aanvaarding van volle verantwoordelikheid vir 'n vak(ke) en/of 'n klas, onder toesig van die tutoronderwyser.

### 4.4.3 METODOLOGIESE RIGLYNE

Metodologiese riglyne is in die ontwerpsfase bepaal.

#### 4.4.3.1 Identifisering van medewerkers

By die implementering van internskap is die volgende medewerkers nodig:

- die staat by wyse van Vakadviesdiens;

- die WOK by wyse van dosente, in die hoedanighede as voogdosente en vakdidaktiekdosente;

- die skole by wyse van tutoronderwysers, skoolhoofde en vakonderwysers volgens die behoeftes van die interns.

Die identifisering van tutoronderwysers is die taak van 'n komitee wat bestaan uit die volgende persone: Die Eerste Vakadviseur: Primêre Skole (of sy volmagtigde); die Departementshoof: Onderwyskunde (WOK); die Departementshoof: Junior- en Preprimêr (WOK) en die skoolhoofde van primêre skole (elke skoolhoof slegs ten opsigte van sy eie personeel). Preprimêre afdelings vorm deel van die primêre skole in Namibië.

Die identifiseringskriteria van tutoronderwysers is die volgende:

- bevredigende ooreenstemming met die eienskappe van die optimaal-funksionerende onderwyser (vergelyk 4.4.2);

- potensiaal om die nodige leiding en begeleiding aan interns te gee;

- bereidwilligheid om die taak van die tutoronderwyser te aanvaar;

- bereidwilligheid om die nodige oriënteringskursus te deurloop.

Nadat potensiële tutoronderwysers ten opsigte van die eerste twee kriteria geselekteer is deur die komitee, moet die skoolhoof individueel met elke geïdentifiseerde onderhandel. Slegs diegene wat bereid is om die taak en verantwoordelikheid van tutoronderwyser te aanvaar, ontvang verdere inligting en oriëntasie ten opsigte van die taak van die tutoronderwyser.

#### 4.4.3.2 Taakomskrywing van medewerkers

(1) **Vakadviesdiens**

Die Eerste Vakadviseur: Primêre Skole, of sy volmagtigde, dien op die komitee belas met die identifisering van tutors.

Die vakadviseurs kan interns besoek tydens roetine besoeke aan skole, met die oog op hulpverlening en begeleiding. Hulle taak is presies dieselfde teenoor interns as teenoor volwaardige onderwysers. Evaluerende kommentaar kan skriftelik na die betrokke voogdosent of vakdidaktiekdosent(e) verwys word vir aandag.

(2) **Voogdosent**

'n Voogdosent moet die verantwoordlikheid as voog oor ongeveer vyf interns aanvaar.

Die voogdosent moet deurlopend beskikbaar wees vir hulpverlening, leiding en begeleiding aan interns, tutoronderwysers en vakonderwysers.

Interns se vordering moet gemonitor word. Minstens twee besoeke moet aan elke intern gebring word, met die doel om probleme op te los en interns te evalueer.

Voogdosente moet interns vergesel tydens die Kleinskoolbesoek (vergelyk 4.4.3.5). Lesevaluering van alle interns moet tydens die besoek gedoen word. Daagliks moet daar ook gesprek gevoer word met die interns oor hulle waarnemings en hulp moet verleen word ten opsigte van lesvoorbereidings en probleme.

Die evaluering van die intern moet onder die voogdosent se leiding plaasvind. Die finale evalueringsverslag moet aan die betrokke skoolhoof en die Onderwyspraktikumkomitee voorgelê word vir bekragtiging.

(3) **Vakdidaktiekdosent**

Die taak van die vakdidaktiekdosente sluit die volgende in:

- besoek interns tweemaal per kwartaal (vergelyk 4.6 vir die aanpassing na die eerste evalueringsfase);
- monitor vordering van interns op vakgebied;
- verleen hulp en leiding aan interns, tutoronderwysers en vakonderwysers;
- help om interns te evalueer;
- lei seminaargroepe (vergelyk 4.4.3.5).

(4) **Skoolhoof**

Die skoolhoof as bestuursleier van die skool het die volgende take:-

- hy is medeverantwoordelik vir die seleksie van tutoronderwysers;
- hy onderhandel met voorgestelde tutors ten opsigte van hulle taakaanvaarding;
- hy hanteer interns as volwaardige personeel in die skool (dit sluit klasbesoeke in);
- hy help met evaluering van interns;
- hy keur die finale evalueringverslag skriftelik goed;
- hy stuur 'n inligtingstuk oor internskap uit aan die ouers waarin die stelsel van internskap verduidelik word en ouers gerusgestel word oor die onderrig (WOK, 1989: bylae E);
- hy sien toe dat tutors hulle verantwoordelikhede teenoor interns nakom;
- hy sien toe dat internskap sinvol verloop.

(5) **Tutoronderwyser**

Die tutoronderwyser moet vrywillig die oorkoepelende verantwoordelikheid vir die praktiese begeleiding van een intern wat aan hom/haar toegewys is, aanvaar tydens internskap.

Die praktiese begeleidingstaak van die tutor, sluit die volgende in:

- hy besluit in oorleg met die intern oor die vakke en buitekurrikulêre aktiwiteite waarby die intern betrokke moet raak;

- hy bepaal by watter vakonderwysers en verantwoordelike buite-kurrikulêre onderwysers die intern ingedeel word;

- hy sien toe dat die intern progressief met die onderwys-verantwoordelikhede (vergelyk 4.4.2) in aanraking kom en dit onder toesig en met hulp beoefen;

- hy bied geleentheid vir die intern om stelselmatig meer verantwoordelikhede onder gekontroleerde omstandighede te aanvaar;

- hy tref reëlings, in oorleg met die voog- en didaktiek-dosente, om leemtes by die intern te remedieër;

- hy sien toe dat die leerlinge nie benadeel word nie.

Die tutoronderwyser moet met die betrokke dosente skakel om probleme wat mag ontstaan uit die weg te ruim en die praktyk met die opleiding te versoen.

Die tutoronderwysers is ook medeverantwoordelik vir die evaluering van die interns.

(6) **Skoolpersoneel**

Die res van die personeel moet hulp en leiding aan interns bied op versoek van en in samewerking met die tutoronderwysers.

#### 4.4.3.3 Voorbereiding/Skoling van medewerkers

Die tutoronderwysers moet jaarliks die geleentheid kry om hul te oriënteer ten opsigte van hulle taak. Die oriënteringsprogram vind by die WOK plaas, onder leiding van die Departementshoof:

Onderwyskunde. Die program duur ongeveer drie ure en sluit die volgende in:

(1) Oriëntering ten opsigte van die opleidingsmodel:

- Doelstelling met internskap.

- Rolvertolking van tutoronderwysers.

- Didakties-onderwyskundige voorligting.

- Regsaanspreeklikheid.

(2) Hantering van die intern:

- Verwelkoming by die skool.

- Oriëntering van die intern ten opsigte van sy pligte op mikro-, meso- en makrovlak, motivering en gereedmaking.

- Plasing by onderwysers: kurrikulêr en buitekurrikulêr.

- Aanpassingsfase van internskap:

  Waarneming van interns.
  Uitvoering van opdragte deur interns.
  Evaluering en begeleiding van interns.

- Volle gekontroleerde verantwoordelikheidsfase - met ruimte vir die ontwikkeling van 'n eie styl:

  Evaluering en begeleiding van interns.
  Opdragte aan interns.

(3) Skakeling met die WOK.

(WOK, 1989: Bylae D)

Alle skoolhoofde, voog- en vakdidaktiekdosente wat betrokke is by internskap moet die oriënteringsprogram bywoon.

Die eerste groep tutoronderwysers het elkeen 'n lêer ontvang met die volgende inligtingstukke: 'n afskrif van die ad hoc-komitee se verslag aan die Direkteur: Onderwys, waarin riglyne vervat is ten opsigte van die taak van die tutoronderwyser en evaluering van interns (WOK, 1989), verskillende soorte lesevalueringsinstrumente, lesvoorbereidingsvorms en afskrifte van artikels wat handel oor die rol van die tutoronderwyser.

Die veronderstelling is dat hierdie lêers jaarliks oorgedra word aan nuwe tutoronderwysers.

### 4.4.3.4 Interns

#### (1) Vereistes vir toelating tot internskap

'n Student moet sy derde jaar slaag om toegelaat te word tot die internskap.

#### (2) Oriëntering van interns

Die oriëntering moet by die WOK sowel as tydens 'n buitelugskool plaasvind. Die oriëntering moet plaasvind voor die interns uitgeplaas word na die skole toe.

Oriëntering by die WOK

Die oriëntering by die WOK vind plaas om interns te oriënteer ten opsigte van internskap en sluit die volgende in:

- doelstelling van internskap;
- stadiums binne internskap;

- vervlegting en verantwoordelikheid van: die WOK, Onderwysdepartement, skole, leerlinge en ouers;

- evaluering van interns.

Oriëntering tydens 'n buitelugskool

Tydens 'n buitelugskool moet verdere oriëntering plaasvind om interns te oriënteer ten opsigte van die onderwysprofessie, sowel as om hulle weerbaar te maak op geestelike vlak. Die program moet ongeveer drie dae duur.

Die doelstellings is om die student:

- te laat kennis maak met die uitdagings op die terrein van onderwys;

- weerbaar te maak teen aanslae op die onderwys en die jeug;

- te help om gesonde interkulturele menseverhoudings te laat ontwikkel;

- te leer om die verborge kurrikulum in die onderrigsituasie te laat realiseer;

- te help om roepingsbewustheid aan te kweek;

- te oriënteer vir die internskapstydperk.

Die program moet deur personeellede van die WOK, die Buitelugskool en die Onderwysdepartement aangebied word.

Die temas wat aangebied moet word, sluit die volgende in:

- Lewensbeskouing.
- Kommunikasie.
- Orde en dissipline.

- Konflikhantering.
- Kriteria vir kritiek.
- Roeping as onderwyser.
- Teorie en praktyk.
- Selfbeeld.
- Onderwys in 'n veranderingsfase.
- Politieke geskiedenis en ontwikkeling in Namibië.
- Moderne denkstrome.
- Aanslag teen die jeug.
- Interkulturele verhoudinge.
- Oriëntering vir internskap in die skool.

(WOK, 1991:1-2)

(3) **Plasing van interns**

Interns moet in skole binne die stadsgebied van Windhoek geplaas word. Indien nodig, kan skole in die nabygeleë gebiede ook gebruik word. Die interns moet by geïdentifiseerde tutoronderwysers geplaas word (vergelyk 4.4.3.1) deur die Departementshoof Onderwyskunde en die Departementshoof Junior- en Preprimêr.

Die aantal interns wat 'n skool kan akkommodeer, moet deur die skoolhoof en die aantal geïdentifiseerde tutoronderwysers bepaal word. Slegs een intern moet by 'n tutoronderwyser geplaas word. Tydens die plasing moet die spesialiseringsrigting van die intern sover moontlik in ag geneem word.

Die interns word direk onder die gesag van die skoolhoof (as bestuursleier) en tutoronderwyser geplaas.

Gekombineerde groepies interns, van ongeveer vier tot vyf interns, word onder leiding van 'n voogdosent in 'n Kleinskooltjie met gekombineerde klasse geplaas vir een week. Die Kleinskoolbesoek moet tydens die eerste kwartaal in die vierde jaar plaasvind.

(4) Taakomskrywing van interns

Interns moet die gesag van die skoolhoof en tutoronderwyser aanvaar.

Die tutoronderwyser in samewerking met die intern besluit self wanneer moet wat plaasvind. Die tempo van ontwikkeling word so deur die tutor en vordering van die intern bepaal.

Interns mag geen verpligting by die WOK laat inbreuk maak op hulle skoolverpligtinge nie.

Opdragte van dosente aan interns moet verband hou met getabelleerde onderwysverantwoordelikhede (vergelyk 4.4.2) en nie neerkom op skriftelike terugrapportering nie.

In die laaste fase van internskap moet van die intern verwag word om onder gekontroleerde omstandighede volle verantwoordelikheid vir 'n vak, vakke of 'n klas te aanvaar. Hierdie fase moet verkieslik ten minste vier weke duur.

4.4.3.5 **Onderrigmetodes**

Tydens internskap ontvang interns onderrig in verskillende situasies, naamlik: oriëntering, skoolsituasie, Kleinskoolbesoek en seminaargroepe.

(1) **Oriëntering**

Oriëntering moet in die WOK en tydens 'n buitelugskool plaasvind (vergelyk 4.4.3.4).

Die metodes van onderrig moet wissel na gelang van die onderwerp.

(2) **Skoolsituasie**

In die skoolsituasie moet die interns geleentheid kry om die

onderwysverantwoordelikhede waar te neem en in te oefen, onder die toesig en leiding van die tutoronderwyser. Voortdurende skakeling en besoeke van die voog- en vakdidaktiekdosente moet plaasvind om ondersteuning en hulp te verleen, sodat die teorie en praktyk versoen kan word. Lesse van interns moet voortdurend waargeneem word. Onderrigleergesprekke moet daarna plaasvind. Die medeseggenskap van die intern in sy leerinhoud en die rol van sy eie ontwikkelingstempo, dui op die toepassing van die individualiteitsbeginsel (vergelyk 4.4.3.4).

Gedurende die laaste fase van internskap, moet interns geleentheid kry om die volle verantwoordelikheid van die tutoronderwyser oor te neem. Hierdie fase moet ongeveer vier weke duur en geskied nog onder toesig van die tutoronderwyser.

(3) **Kleinskoolbesoek**

Tydens die Kleinskoolbesoek van een week staan interns direk onder leiding en toesig van die betrokke voogdosent. Hier moet interns geleentheid kry om met die onderrig van twee tot drie standerds in een klas kennis te maak, asook met die fyn beplanning wat rondom die bestuur en organisasie van die Kleinskooltjie setel. Geleentheid vir waarneming en lesaanbieding moet geskep word. Die lesse moet deur die voogdosent geëvalueer word. Gesprekke moet voor en na lesaanbiedings plaasvind in oorleg met die personeel. Interns skakel ook in by die buitemuurse program van die skool en alle ander aktiwiteite soos van die personeel verwag word, byvoorbeeld terreindiens en fotostate maak. 'n Skriftelike waarnemingsopdrag moet deur elke voog aan sy/haar interns gegee word.

(4) **Seminaargroepe**

Drie seminare moet tydens die internskap by die kollege gereël word. Interns moet volgens hulle hoofvakke in seminaar-

groepe ingedeel word. Die seminaargroepe staan onder leidingv an die betrokke vakdidaktiekdosente. Die seminare moet buite skoolure plaasvind.

Tydens die seminaarsessies moet die volgende aspekte hanteer word: gemeenskaplike probleme, vak- en klaskamerervarings, organisatoriese aspekte en die leiding wat deur die vakdidaktiekdosente verskaf word.

Alle interns is by ten minste twee seminaargroepe betrokke, tydens elke sessie, ooreenkomstig hulle hoofvakke.

Die volgende tye is vir die seminare bepaal: middel November, begin Februarie en begin Maart.

Elke seminaar duur ongeveer 90 minute, dit wil sê 45 minute per groep.

#### 4.4.3.6 Vergoeding

Geen spesiale vergoeding word aan enige medewerker van internskap betaal nie.

Studente se beursgelde is egter in hulle derde en vierde studiejaar met R1 000 verhoog, met die oog op addisionele uitgawes, soos byvoorbeeld klere en onderrigmateriaal.

### 4.4.4 EVALUERINGSRIGLYNE

#### 4.4.4.1 Produkevaluering

Volgens die verslag oor internskap (WOK, 1989:11-12) moet twee soorte evaluering gedoen word, naamlik produk- en prosesevaluering.

Die doel met produkevaluering is om te bepaal of 'n intern as volwaardige leerkrag geregistreer kan word en of sy internskaps-

periode verleng moet word.

Die produkevaluering moet deurlopend en aan die einde van die tydperk geskied.

Die produkevaluering wat deurlopend behoort plaas te vind moet deur die vakdidaktiekdosente in oorleg met die tutor/onderwyser gedoen word, met die doel om: gereeld vordering te bepaal, leemtes en voortreflikhede op te spoor en selfevaluering te bevorder (WOK, 1989:11)

In 'n inligtingslêer aan tutoronderwysers (eerste groep), is verskillende lesvoorbereidings- en lesevalueringsvorms geplaas, met die veronderstelling dat elke tutoronderwyser self kan besluit of hy daarvan gebruik wil maak of nie. Vakdidaktiekdosente moet ook elkeen self besluit hoe hulle die interns se lesse wil evalueer. Nadat die interns lesse aangebied het, moet die lesse met hulle bespreek word.

Aan die einde van die internskap moet voogdosente in oorleg met vakdidaktiekdosente, tutoronderwysers en skoolhoofde 'n finale evaluering ten opsigte van elke intern onder sy toesig aan die Onderwyspraktikumkomitee voorlê (vergelyk 4.4.3.2).

Vir die eindevaluering moet dieselfde kriteria gebruik word as vir die merietebevordering van onderwysers (WOK, 1989:12). Die finale sertifisering moet met: slaag met lof, slaag of druip, aangedui word. Die uitslag moet ook op die student se onderwyssertifikaat verskyn.

Interns wat die internskap nie bevredigend deurloop het nie, en dus nie slaag nie, moet die volle tydperk op eie koste herhaal. Spesiale begeleiding moet deur die WOK voorsien word (SWA,1987b: Besluit 7).

Vakdidaktiekdosente moet, in oorleg met die Departementshoof: Onderwyskunde, hul eie evalueringsinstrument met die oog op deurlopende evaluering ontwerp.

#### 4.4.4.2 Prosesevaluering

Na afloop van die internskap moet 'n vraelysondersoek gedoen word om leemtes en voortreflikhede uit te wys. Al die betrokkenes moet betrek word.

### 4.5 IMPLEMENTERING VAN DIE WOK-INTERNSKAPSTELSEL

Die metodologiese - en evalueringsriglyne is tydens die eerste internskap geïmplementeer (vergelyk 4.4.3 en 4.4.4).

Die eerste groep interns het slegs uit 26 derdejaarstudente bestaan. Hulle het gedurende 1989 met internskap begin nadat hulle hul derde studiejaar, wat uit drie kwartale bestaan het, geslaag het. Aan die einde van die tydperk het al 26 interns die internskap geslaag.

Vir die internskap is een Engelsmedium, een Duitsmedium en vyf Afrikaansmedium skole gebruik. Interns is volgens kurrikulum, vakkeuse en taalkeuse by tutoronderwysers in die betrokke skole geplaas.

Die interns is daagliks van die WOK af, na en van die onderskeie skole met bussies vervoer. Vervoer is ook beskikbaar gestel vir buitemuurse verpligtinge van interns by die skole.

As gevolg van personeelwisseling aan die einde van 'n akademiese jaar, is daar in sommige gevalle nuwe tutoronderwysers geïdentifiseer. Hierdie identifisering van plaasvervangers is deur die betrokke skoolhoof gedoen. Hierdie tutoronderwysers is nie weer deur die WOK georiënteer vir hulle taak nie.

Vakdidaktiek- en voogdosente het van private vervoer gebruik gemaak om interns by die skole te besoek. Kilometergeld is daarna teen vasgestelde tariewe van die Onderwysdepartement verhaal.

Skole met 'n klein getal leerlinge, waar onderrig in gekombineer-

de standerds of grade plaasvind, is deur die Onderwysdepartement geïdentifiseer vir interns se kennismaking met die Kleinskoolpraktyk, wat algemeen op die platteland voorkom. Die Kleinskoolbesoek het ongeveer in die helfte van die eerste skoolkwartaal plaasgevind, dit wil sê, in die tweede kwartaal van internskap.

By sommige primêre skole is koshuise, waar interns soms inskakel. Interns word egter nie verplig om diens in koshuise te doen nie, of in te woon in die koshuise nie, omdat al die skole nie oor koshuise beskik nie en daar nie vir almal akkommodasie is nie.

Gedurende internskap is interns in die meeste gevalle globaal geëvalueer. Lesse is aangebied en is daarna deur die vakdidaktiekdosente of tutors bespreek. Studentinterns is nie verplig om lesse skriftelik voor te berei en in te handig voor hulle lesse aanbied nie.

Gedurende die eerste implementeringsfase het vakdidaktiekdosente nie 'n evalueringsvorm ontwerp met die oog op deurlopende evaluering nie (vergelyk 4.4.4.1).

Aan die einde van die studentinternskap is studentinterns ook globaal geëvalueer ooreenkomstig die vier kriteria, soos verskyn op die meriete-evalueringsinstrument, naamlik:

- Kurrikulêre doeltreffendheid.
- Buitekurrikulêre doeltreffendheid.
- Persoonlikheids- en karaktereienskappe.
- Professionele ingesteldheid.

Probleme wat gedurende die implementeringsfase geïdentifiseer is, is waar moontlik dadelik reggestel. So is die drie seminare per internskap verminder na twee, as gevolg van die Kleinskoolbesoek gedurende Februarie.

## 4.6 EVALUERING VAN DIE WOK-INTERNSKAPSTELSEL

Deurlopende evaluering het gedurende die beplannings- en implementeringsfase plaasgevind.

In die beplanningsfase het die memorandum voor die Uitvoerende Komitee van die WOK gedien (WOK, 1987b:18). Daarna is dit aan elke Departement aan die WOK voorgelê vir terugvoering (WOK, 1987b: Bylae C en D) en ook aan die Senaat van die WOK (WOK, 1987b: 17-39).

Voor goedkeuring vir die implementering van internskap deur die Direkteur: Onderwys op 2 November 1987 ontvang is (SWA, 1987b), is die besonderhede aan kundige persone in die Onderwysdepartement versprei vir kommentaar en aanbevelings (SWA, 1987c).

Tydens die implementeringsfases is evaluering ook voortdurend gedoen met die oog op verbetering, soos byvoorbeeld die aantal seminare in 'n implementeringsfase wat om praktiese redes nie uit drie seminare kon bestaan nie en verminder is na twee (vergelyk 4.5).

Na afloop van die eerste internskap, is 'n vraelysondersoek deur die WOK vir die Onderwyspraktikumkomitee gedoen, ten einde leemtes en probleme te identifiseer met die oog op verbetering van die stelsel (Bylae A).

Vraelyste is deur skoolhoofde, tutoronderwysers, vakdidaktiekdosente en interns voltooi. Uit die vraelysondersoek is leemtes en voortreflikhede geïdentifiseer wat nou kortliks bespreek sal word:

- Die plasing van internskap in die vierde en eerste kwartaal het baie kritiek uitgelok.

- Die lengte van die internskap was vir die interns te lank, maar die tutoronderwysers, skoolhoofde en vakdidaktiekdosen-

te het oor die algemeen nie hiermee saamgestem nie.

- 'n Algemene probleem was die skakeling tussen die WOK en die skole, dit wil sê tussen die voog- en vakdidaktiekdosente aan die een kant en interns en tutoronderwysers aan die ander kant. Hier is veral probleme rondom die gebrek aan skakeling en wyse waarop geskakel is, ondervind.

- Daar is gevind dat interns 'n gebrek gehad het aan vaardighede en kennis wat deel is van die vierde studiejaar se werk.

- Die skoolhoofde en tutoronderwysers het gevoel hulle voorligting van die WOK en inligtingstukke was voldoende hoewel heelparty probleme steeds geopper is, soos onder andere vaagheid van opdragte. Vakdidaktiekdosente en interns het egter gevoel hulle moes ook meer volledige inligting gekry het oor die implementering van internskap.

- Vakdidaktiekdosente het versoek dat elke betrokkene se pligte en verantwoordelikhede duidelik uiteengesit word in 'n handleiding (slegs tutoronderwysers het 'n lêer met inligting ontvang).

- Oor die algemeen het tutoronderwysers gevoel interns is nie voldoende blootgestel aan die eise van die onderwys nie, as gevolg van min buitemuurse aktiwiteite wat gedurende die vierde en eerste kwartale plaasvind. WOK-bedrywighede en vervoer was ook belemmerende faktore.

- Die wyse waarop interns geëvalueer is, het probleme gegee. Duideliker riglyne is nodig wat op spesifieke onderwysverantwoordelikhede fokus. Daar is ook aanbeveel dat die evaluering meer as een keer moet plaasvind sodat leemtes vroegtydig opgespoor kan word. Die evaluering moet telkens persoonlik deur die voogdosent met die intern bespreek word sodat die intern weet waar sy gebreke en tekortkominge is.

- Oor die algemeen was die inskakeling van interns goed. Hulle het ook duidelike groei in onderwysvaardighede getoon. Die interns is nie as 'n las by skole beleef nie.

- Die interns het self hulle internskap leersaam en positief beleef. Die tutoronderwysers is deurgaans as streng, eerlik en behulpsaam beskryf. Al die interns het aanbeveel dat die stelsel moet voortgaan.

Terugvoering van die vraelysondersoek is deur die WOK by wyse van 'n simposium gedoen, waarby al die belanghebbende dosente, skoolhoofde en tutoronderwysers betrek is.

Probleme is bespreek en daarna is voorstelle ter verbetering van die stelsel in groepverband gedoen.

Aangesien internskap slegs op 'n eksperimentele basis geïmplementeer is, kon slegs enkele probleme bevredigend opgelos word met die oog op die ontwikkeling van internskap aan die WOK.

Probleme wat bevredigend opgelos kon word is die volgende:

- Vakdidaktiekdosente moet minstens een keer, elke twee weke met die betrokke interns kontak maak. Dit mag ook telefonies wees, maar nie gedurende skoolure nie. Interns moet steeds vakdidaktiekdosente kontak vir leswaarneming en wanneer probleme ondervind word.

- Herstrukturering van leerinhoud kon in sommige van die vakke plaasvind om interns beter toe te rus vir die studentinternskap. Dit kon egter nie in alle vakkurrikula bevredigend plaasvind nie.

- Betrokke skoolpersoneel moet voortaan vooraf ingelig word as interns weens WOK-verpligtinge afwesig sal wees. Dit moet ook tot die minimum beperk word.

- Vervoerreëlings word sover moontlik gekoördineer, sodat interns by naskoolse bedrywighede kan wees.

- 'n Evalueringsinstrument is ontwerp, na analogie van die meriete-evalueringsvorm vir diensdoenende onderwysers (Bylae B) op versoek van tutoronderwysers en skoolhoofde. Die vorm maak voorsiening vir twee evaluerings. Die eerste evaluering moet gedurende die eerste internskapkwartaal plaasvind, met die oog op die identifisering van probleme en strategieë ter verbetering. Die vier kategorieë waarvolgens evaluering plaasgevind het, is verdeel in toepaslike subkategorieë, wat die evaluering meer doelgerig maak. 'n Sewepuntskaal word ook gebruik op versoek van die skoolhoofde. Wanneer 'n studentintern meer as 75% behaal, slaag die intern met lof. 'n Punt tussen 50% en 75% word aangedui met "slaag" en minder as 50% met "druip". Die uitslag van die internskap moet op die onderwysdiploma aangedui word. Internskap moet geslaag word alvorens die Hoër Onderwysdiploma toegeken kan word (SWA, 1987b: Besluit 7).

Die eerste en tweede evaluering word nie saam bereken vir 'n summatiewe evalueringspunt nie. Slegs die laaste evaluering aan die einde van die internskap word in berekening gebring.

Albei die evaluerings moet deur die skoolhoof, tutoronderwyser, vakonderwysers en vakdidaktiekdosente gedoen word, onder leiding van die voogdosent.

Na voltooiing van die finale verslag moet 'n aanbeveling deur die evalueringspaneel, skoolhoof en voogdosent (tydens die Kleinskoolbesoek) gedoen word. 'n Finale aanbeveling word daarna deur die Onderwyspraktikumkomitee gedoen, op grond van die onderskeie aanbevelings.

Die uitslag van elke evaluering moet deur die voogdosent met die betrokke intern bespreek word.

Die tyd waarin internskap plaasvind kan nie verskuif word terwyl die internskap op 'n eksperimentele basis geïmplementeer word nie, aangesien dit verreikende gevolge sal hê op die totale kurrikula met betrekking tot graadpeilverwerwing van sekere vakke oor twee en vier jaar respektiewelik.

Interns se beursgelde is na die onafhanklikheid van Namibië nie weer verhoog in hulle derde en vierde jaar nie (Liebenberg, 1991) waarskynlik as gevolg van die verswakte ekonomiese klimaat in die land.

'n Verdere vraelysondersoek is deur die WOK uitgevoer (WOK, 1991), om te probeer bepaal of die internskap 'n beduidende verskil gemaak het by die praktyktoetrede van beginneronderwysers, aangesien die eerste groep wat internkskap deurloop het, gedurende 1991 toegetree het tot die skoolpraktyk (WOK, 1991). Inligting is egter nog nie verwerk nie. Volgens enkele aanduidings van die viserektor blyk die uitslag positief te wees.

Na internskap vir die tweede keer geïmplementeer is, is slegs 'n versoek aan interns gerig om positiewe en negatiewe aspekte van die internskap te identifiseer. Hierna is weer regstellende aksies geloods.

Na voltooiing van elke internskaptydperk keer die interns weer vir drie kwartale terug na die opleidingsentrum. Spesiale aandag word dan aan leemtes en probleme gegee in die vakdidaktieke, Onderwyskunde en instituutpraktikum.

## 4.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk word 'n beskrywing gegee van die stelsel van internskap aan Die Windhoekse Onderwyskollege wat reeds sedert 1989 aan die kollege geïmplementeer is op 'n eksperimentele basis. Hierdie stelsel is vir die unieke omstandighede van die kollege beplan met die oog op verbetering van die opleiding van onderwysers aan die WOK.

Soos afgelei kan word uit hierdie hoofstuk, is die internskap van die WOK, eintlik 'n studentinternskap wat deel vorm van die skoolpraktikum, wat strek oor twee kwartale en onder leiding en begeleiding van dosente en bekwame onderwysers plaasvind, sonder enige finansiële vergoeding aan studentinterns of tutoronderwysers.

Die eerste groep studente wat die WOK-stelsel van internskap deurloop het, het gedurende 1991 as beginneronderwysers die praktyk betree.

Daar is nog nie bepaal of die studentinternskap 'n beduidende verskil gemaak het by die praktyktoetrede van beginneronderwysers nie. Dit is ook nie bekend wanneer 'n finale besluit ten opsigte van die implementering van hierdie studentinternskap gemaak gaan word nie.

In die volgende hoofstuk word die stelsel van internskap van die WOK beoordeel volgens die kriteria vir doeltreffende internskap, soos in Hoofstuk 3 bepaal is.